higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 3

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

1. Nasieners word daaraan herinner dat sommige aspekte van Lewensoriëntering breedweg geïnterpreteer kan word, en dus kan 'n wye reeks antwoorde gegee word. Die nasienriglyn het nie ten doel om voorskriftelik te wees nie. Foutiewe antwoorde moet egter nooit as korrek nagesien word nie.

2. Nasieners word versoek om hul diskresie te gebruik wanneer hulle nasien. Antwoorde wat deur studente verskaf word, behoort binne die konteks van hul lewenservarings beoordeel te word.

3. Slegs inhoud moet nagesien word en nie grammatika nie.

4. In die geval van sommige vrae word 'n aantal voorbeelde gegee. Dit dien as 'n riglyn vir die tipe antwoord wat verlang word. Nasieners word versoek om noukeurig deur al die verskillende antwoorde te werk om 'n idee te kry van watter tipe antwoorde aanvaarbaar is en watter NIE aanvaarbaar is nie.

5 In die geval van sommige antwoorde word nasieners gelei deur hierdie stelling: (Slegs hierdie antwoord) Dit beteken dat GEEN ander antwoorde aanvaar mag word nie.

6. Nasieners word versoek om die puntetoekenning per vraag noukeurig te kontroleer en streng volgens puntetoekenning na te sien.
   Let asseblief ook op die volgende:
   (2 × 1) beteken daar behoort TWEE antwoorde te wees en EEN punt word per antwoord toegeken.
   (1 × 2) beteken TWEE punte word vir EEN antwoord toegeken.

7. Waar studente versoek word om 'n paragraaf te skryf of te bespreek of te verduidelik, kan EEN-woordantwoorde nie aanvaar word nie, en behoort dit nie nagesien te word nie.

8. Dankie dat u noukeurig, streng en regverdig nasien.

   Deur 'n hoë standaard te handhaaf, help u om die status van hierdie baie belangrike vak – Lewensoriëntering – te bevorder.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 E
1.3 C
1.4 A
1.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 B
2.2 D
2.3 A
2.4 D
2.5 B
2.6 C
2.7 D
2.8 D
2.9 A
2.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Nepotisme
3.2 Besluitneming
3.3 Belastingontduiking
3.4 Logiese denke
3.5 Dissiplinêre optrede

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Waar✓
Twitter is 'n gratis aanlyn tuiste vir sosiale netwerkvorming wat geregistreerde lede in staat stel om kort plasings bekend as twiets uit te saai.✓

4.2 Onwaar✓
Dit is 'n teken van respek in die Afrikakultuur om nie jou werkgewer in die oë te kyk nie.✓

4.3 Onwaar✓
Prioritisering verwys daarna om take in volgorde van belangrikheid te voltooi.✓

4.4 Waar✓
Dit is 'n vorm van fisieke mishandeling waar 'n persoon ongewenste aandag en handelinge van 'n seksuele aard ontvang.✓

4.5 Onwaar✓
Dubbele bevoordeling beteken om twee salarisse te ontvang deur 'n voltydse werk vir 'n salaris te doen, maar tydens kantoorure ook private werk te doen en daarvoor ook geld te ontvang.✓

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 5

5.1
- Stel jou standpunt ferm en duidelik sonder om die ander persoon aan te val of te kleineer.
- Gee redes of verduidelik waarom jy so voel.
- Toon begrip en wees beleefd.
- Praat die waarheid.
- Druk emosies toepaslik uit. (Enige 2 × 1) (2)

5.2 Fisieke leerstyl:
- Die leerder verkies om die liggaam, hande en tassintuig te gebruik wanneer hy/sy leer.
- Hierdie leerders verkies praktiese leer, waar hulle dinge kan bou en aan dinge kan raak.

Ouditiewe leerstyl:
- Leerders verkies om klank en musiek te gebruik terwyl hulle studeer.
- Hulle verkies om te leer deur te luister hoe andere iets aan hulle verduidelik. (Enige 2 × 1) (2)

5.3
- Eet korrek om jou ideale gewig te bereik.
- Kry gereeld oefening.
- Moenie dieet of jouself uithonger nie.
- Eet gebalanseerde, voedsame maaltye. (Enige 2 × 1) (2)

5.4 'n Gebalanseerde leefstyl behels dat jy 'n toepaslike hoeveelheid tyd bestee aan werk, oefening, vrye tyd, vriende en familie, stokperdjies en persoonlike behoeftes. (1 × 2) (2)

5.5
- Om maatskappygeheime te verkoop
- Om van die maatskappy te steel of bedrog te pleeg
- Om jou aan boeliegedrag by die werk skuldig te maak
- Diskriminasie
- Seksuele teistering (Enige 2 × 1) (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1
- 'n Vaardigheidsoudit is 'n instrument wat gebruik word om jou vermoëns, talente, sterk punte en vaardighede te meet.
- Dit sal Simon help om sy swakhede te identifiseer asook daardie areas wat hy nog moet ontwikkel. (2 + 2) (4)

6.2
- Hy sal ervaring op bemarkingsgebied verwerf.
- Dit kan toekomstige permanente werksgeleenthede skep.
- Hy kan sy teoretiese vaardighede op die praktyk toepas. (3 × 1) (3)

6.3
- Deur sakegeleenthede by te woon
- Deur by klubs en organisasies aan te sluit
- Deur sosiale geleenthede by te woon
- Deur sy aanlyn sake- en sosiale netwerke uit te bou
- Deur as vrywilliger te werk/skaduwerk te doen (Enige 4 × 1) (4)

6.4

PRODUKTIEWE GEDRAG	ONPRODUKTIEWE GEDRAG
• Om vroeg by die werk op te daag✓	• Om laat op te daag✓
• Om take onmiddellik aan te pak✓	• Om uit te stel✓
• Om pouses op gespesifiseerde tyd te neem	• Om te lang pouses te neem
• Om jou en jou kollegas se tyd effektief te gebruik	• Om met kollegas te gesels en hul tyd te mors

(2 + 2) (4)

[15]

VRAAG 7

7.1
- Hierdie kant word verbind met prentjies, gevoelens en idees
- Hy kan verkies om 'n opstel te skryf
- oop vrae te beantwoord
- 'n beeld of tekening te ontleed (4 × 1) (4)

7.2
- Deur gewone dinge op 'n ander manier te gebruik
- Deur uit 'n ander perspektief na dinge te kyk
- Deur idees te dinkskrum
- Deur jou roetine te verander
- Deur met innoverende idees vorendag te kom
- Deur feite te kombineer om 'n nuwe konsep te vorm
- Deur lukraak assosiasies te maak
- Deur heelbreindenke toe te pas (Enige 3 × 1) (3)

7.3
- 'n 5 km-pretstap
- Sportdae teen ander maatskappye
- Fiksheidklasse
- Stresbestuurwerksessies
- Vrywillige hematokrittoetsingsveldtogte
- Noodhulpkursusse
- Deelname aan die Comrades-marathon/Ystermankompetisie
- Gemeenskapsprojekte (Enige 5 × 1) (5)

7.4
- Meld enige voorvalle van seksuele teistering by die bestuur aan.
- As daar geen reaksie is nie, kan jy aansoek doen om 'n hofbevel om die persoon te verhinder om jou te teister.
- Dien 'n klag by die KVBA of KGG in. (3 × 1) (3)

[15]

VRAAG 8

8.1 8.1.1
- Die MI-virus kopieer homself deur die T-selle, wat belangrik is vir die immuunstelsel, te infekteer en dood te maak.
- Sonder hierdie selle verswak jou immuunstelsel en kan hom nie teen bakterieë en virusse verdedig nie. (1 × 2) (2)

8.1.2 Lola moet haar medikasie daagliks vir ses maande neem. (1)

8.1.3
- Daar moet goeie ventilasie in 'n vertrek wees.
- Hoes in jou elmboë en nie in mense se gesigte nie.
- Gebruik trappe en nie die hysbakke in hospitale nie; TB-bakterieë kan baie ure lank in 'n hysbak agterbly nadat die persoon met TB gehoes het.
- Neem jou medikasie totdat jy die kursus voltooi het.

(Enige 2 × 1) (2)

8.2 8.2.1
- Xenofobie
- mensehandel (2 × 1) (2)

8.2.2 Suid-Afrikaners glo dat buitelanders verantwoordelik is vir die toename in dwelmmisbruik,✓ prostitusie en mensehandel✓ wat in die gemeenskap voorkom. Hulle neem kwansuis ook plaaslike besighede en werksgeleenthede oor.✓ (4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

8.2.3

Rassisme	Vooroordeel
• Dit is die haat of onverdraagsaamheid jeens 'n ander ras✓ • Diskriminasie wat gerig is teen iemand van 'n ander ras op grond van die oortuiging dat jou eie ras meerderwaardig is✓	• 'n Ongegronde negatiewe mening of gevoel oor mense wat anders as jy is✓ • Vooropgestelde mening wat nie op gesonde verstand gegrond is nie✓ (2 × 1)

(2)

8.2.4 Omkopery (van polisiebeamptes) (1)

8.2.5
- Raak beter ingelig deur navorsing oor hierdie skendings te doen.
- Besoek gereeld die webtuistes van menseregteorganisasies.
- Onderteken hul aanlyn petisies.
- Neem deel aan veldtogte en vreedsame betogings. (2 × 1) (2)

8.3 8.3.1
- Onbeskermde seks
- Deur naalde met 'n MIV-positiewe persoon te deel
- Moeder tot kind deur middel van borsvoeding (2 × 1) (2)

8.3.2
- Deur kondome te gebruik
- Weerhouding
- Deur jouself nie met dwelmmiddels in te spuit nie. (2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

9.1
- Omdat beide werknemers nie bereid is om self die probleem te bespreek en op te los nie.✓✓
- Die bemiddelaar is 'n onpartydige derde persoon wat albei partye sal help om hul menings te verwoord en hul eie oplossings vir die konflik te vind.✓✓ (2 × 2) (4)

9.2 Arbitrasie✓✓
- Die twee kollegas gee die arbiter die gesag om 'n besluit te neem om die geskil te besleg.✓✓
- Die arbiter sal albei standpunte aanhoor en daarna 'n besluit neem.✓✓

(2 × 2) (4)

9.3
- Jy kan akronieme ontwikkel.
- Sien dit wat jy moet onthou in jou verbeelding.
- Koppel items wat saamhoort.
- Maak 'n liedjie/rympie.
- Breek dinge wat jy moet onthou in kleiner gedeeltes op. (Enige 4 × 1) (4)

9.4
- Verstaan die verskillende behoeftes van uiteenlopende medewerkers en wees ondersteunend wat hul behoeftes betref.
- Stel jouself op die hoogte van verskillende kulturele en godsdienstige vakansiedae.
- Wees ingelig oor verskillende voedselvoorkeure en -taboes.
- Probeer om verskillende tale in die werksplek te leer en te verstaan.
- Verstaan en raak vertroud met die kleredragkodes van verskillende kulture. (4 × 1) (4)

9.5 Korrupsie beïnvloed die samelewing negatief.✓ Dit lei tot verhoogde armoede,✓ swak gesondheid✓ en swak lewensomstandighede.✓ Korrupsie gee mense 'n gevoel van wantroue en kan tot verhoogde geweld in gemeenskappe lei.✓ (5 × 1) (5)

9.6 9.6.1
- Dit is enige handeling van geslagsgebaseerde geweld wat fisieke, seksuele of sielkundige skade aan vroue of mans tot gevolg het.
- Misdade soos verkragting, seksuele teistering en agtervolging is op een geslag gerig. (2 × 1) (2)

9.6.2
- Moenie stilbly nie.
- Sluit aan by 'n veldtog om mense op te voed.
- Behandel almal met respek.
- Pas die Grondwet en die Handves van Regte toe. (3 × 1) (3)

9.6.3
- Menseregtekommissie
- Kommissie vir Geslagsgelykheid
- Die Verenigde Nasies
- Amnestie Internasionaal (2 × 1) (2)

9.6.4
- Koel mense misbruik nie ander mense nie.
- Misbruik maak ons generasie kragteloos.
- Geen verskoning kan misbruik regverdig nie.
- As jy my misbruik, het jy my nie lief nie. (2 × 1) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou